

22 April
Lukas 15:11-32

'n Gelykenis neem my op 'n geestelike reis.

Elkeen van ons is op 'n geestelike reis. Met hierdie gelykenis onderneem ons ook 'n geestelike reis wat uit drie fases bestaan:

Fase 1: Identifisering met die jongste seun

As gevolg van baie omstandighede in ons lewe, kan ons by tye heel verlore voel. Vir 'n baie lang tyd het ek my gesien as die verlore jongste seun op pad huis toe, terwyl ek verlangend uitsien na die oomblik wanneer my pa my verwelkom.

Fase 2: Identifisering met die oudste seun

Ek het my met die oudste seun geïdentifiseer die oomblik toe ek begin voel het ek dat ek deur my hele lewe voorbeeldig was. Ek was gehoorsaam aan my ouers, my onderwysers, my geestelike leiers en aan die Here. Ek het nie my geld gemors op wilde partytjies en dronkenskap nie. Ek was verantwoordelik, tradisioneel en huisvas. Ja, ek was beslis die oudste seun, maar net so verlore soos sy jonger broer, al het ek altyd "by die huis gebly", met ander woorde al was ek kerkvas, in die Vaderhuis.

Fase 3: Om soos die Vader te word

Na al die jare wat ek oor die gelykenis van die verlore seun gepreek het en daaroor gedink en gepeins het, het dit nooit tot my deurgedring dat die pa die een was wat my roeping in die lewe die volledigste uitgedruk het nie. Ek het gereed gevoel om my te identifiseer met die spandabelrige jonger broer of die haatdraende ouer broer. Die idee om soos die pa te wees, wat niks gehad het om te verloor nie, omdat hy alreeds altwee sy seuns "verloor" het, en slegs iets gehad het om te gee, naamlik vergifnis, het my met vrees oorweldig. Inderdaad, ek was by geleentheid die verlore jongste seun, en in talle opsigte die verlore oudste seun, maar ek was van daardie oomblik af ook besig om die vergewende Vader te word.

Vir jou wat hierdie geestelike reis saam met my aangepak het, hoop en bid ek dat jy nie alleen altwee die verlore kinders van God in jou sal ontdek nie, maar ook die deernisvolle Vader, wat God self is, soos Hy Hom in Jesus, ons Here, geopenbaar het.

Dr GCP Labuscagne (Bloempark)